higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T1680**(A)**(A3)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOESIGHOUDING IN DIE NYWERHEID N3

(4110053)

3 Augustus 2018 (X-Vraestel)
09:00-12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOESIGHOUDING IN DIE NYWERHEID N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Werkstoestande is baie belangrik in die werkplek.

Verwys na die stelling hier bo en verduidelik wat met die volgende bedoel word:

1.1	1.1.1	Sindelikheid (netheid)	(3)
	1.1.2	Higiëne	(6)
	1.1.3	Huishouding	(6)
	1.1.4	Beligting	(5)
1.2		Noem die VIER komponente van 'n vuur.	(4)

[24]

VRAAG 2

2.1 Meriete-aanslag word beskou as 'n wetenskaplike aanslag om salarisskaal vas te stel.

Noem SEWE voordele van meriete-aanslag. (7)

2.2 Beskryf wat 'n aansporingskema is. (6)

2.3 Noem DRIE tipes aansporingskemas. (3)

[16]

VRAAG 3

McGregor se X-Y-teorie bly 'n geldige basiese beginsel waaruit positiewe bestuurstyle en -tegnieke ontwikkel kan word.

Verduidelik die konsep/teorie wat Douglas McGregor voorstaan. **[9]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Wangedrag sluit in wat beskou word as onaanvaarbaar asook kriminele oortredings. Dui aan of die volgende onder MINDER ERNSTIGE, ERNSTIGE of BAIE ERNSTIGE wangedrag val. Skryf slegs 'minder ernstig' of 'ernstig' of 'baie ernstig' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Swak gehalte werk

4.1.2 Behaal nie die sperdatum nie

4.1.3 Herhaling van swak gehalte werk

4.1.4 Haal nie sperdatums nie selfs nadat hy/sy gewaarsku is

4.1.5 Swak gehalte werk selfs ná formele waarskuwing

4.1.6 Verlaat maatskappy se perseel sonde toestemming

4.1.7 Slaap aan diens

4.1.8 Onder die invloed van alkohol

4.1.9 Skeer die gek by die werk

4.1.10 Vervals tyd gewerk

(10 × 1) (10)

4.2 Dissipline is die eienskap om jou op 'n beheerde manier by die werk te gedra, wat behels die nakoming van spesifieke reëls of standaarde.

Verduidelik positiewe en negatiewe dissipline. (10)

4.3 Wie inisieer 'n grief en waarom? (4)

[24]

VRAAG 5

Jy is die toesighouer by Cleaning Hacks. Jy hoef nie noodwendig vriende te maak met jou ondergeskiktes nie, maar jy moet hulle respek verdien.

Noem VYFTIEN eienskappe wat 'n toesighouer moet hê. **[15]**

VRAAG 6

Noem DRIE voorbeelde van elke tipe kommunikasiemedia hier onder:

6.1 Verbaal

6.2 Nie-verbaal

6.3 Skriftelik

6.4 Ekstern

(4 × 3) **[12]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou